

# Klou stywer vas aan seisoen se doodsnikke

**Die laaste blare het teen die einde van Mei in hul helderkleurige herfsjasse nog verbete aan hul moedertakke vasgeklou. Vanjaar het die aanslag van die winter egter gou al wat blaar en blom is met grou dae, reëngordyne en windvlae weggevee om kaal takke agter te laat. Die sonlig kan nou tot mens, dier en aardkors deurdring.** FOTO: CHARNÉ KEMP

Hoofartikel

# Aanpasbaarheid ons twyfelagtige behoud

**So het 2023 reeds voortgespoed tot Junie, die eerste maand van die winter.**

Saam met die ysige asem van die winter veroorsaak die nuutste misdaadstatistieke ’n rilling – en die talle moorde die afgelope tien dae verlig dié rilling geensins nie.

Verlede jaar in dié maand is die laaste Covid-19-regulasies herroep toe daar op 22 Junie onder meer aangekondig is dat maskers nie meer in openbare plekke verpligtend is nie, en dat getalbeperkings nie meer by byeenkomste geld nie.

Ná Covid-19 is daar nog ’n C-woord wat al meer gehoor word: Cholera.

Hieroor kan verantwoordbare amptenare hul hande saamslaan soos hulle wil: Dit is ’n feit so oud soos die mensdom dat cholera deur water met menslike ontlasting besmet, veroorsaak word.

Wanneer die skouers-optrek van munisipaliteite se rioolhantering in ag geneem word, en die hoeveelheid foto’s en verklarings oor Noord-Kaapse munisipaliteite wat hul riool direk in die Vaal- of Oranjerivier laat vloei, kan hierdie C-woord nog groot chaos veroorsaak.

Leer mense dan nooit iets nie, is die vraag.

“Ek is baie bekommerd dat dit lyk asof ons dieselfde foute maak as in 2016,” sê Larry Hogan, ’n voormalige Republikeinse goewerneur en ’n fel kritikus van oudpres. Donald Trump oor ’n politieke proses in Amerika.

“Waarom val mense steeds vir swendelaars?” skryf ene Jan Venter van Bloemfontein in ’n lesersbrief aan *Volksblad*.

“Om aan te hou verloor, sal altyd die lot wees van ’n arme lot dromers wat sit met ’n verlange na ’n beter toekoms. Val sal hulle val voor swendelaars wat kom met allerlei onrealistiese beloftes van welvaart, rose en maanskyn.”

Met beurtkrag en met moontlik cholera-besmette water wat voor gebruik eers gekook moet word, stap ons Winter 2023 in.

Die mens se aanpasbaarheid en sy ewige hoop sal seker help om daaraan gewoond te raak.

So gewoond soos krewe aan kookwater, lui die spreekwoord.

Little gem

## digital nomad

Pharos Dictionaries Word of the Month, May 2023

**Someone who earns a living working online while traveling. Such a person does not have a permanent fixed home address.**

■ “I eventually got a fully remote job with a digital nomad travel company.” – Alcynna Lloyd.

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as ’n e-publikasie by streeksnuus. netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

CENTRAAL24

Twyfelhoekie

# Die wêreld gaan oor meer as net jy

HANNES NOËTH

**Een van die vreemdste verskynsels van hierdie ou wêreld waarin ons leef, is dat sommige mense net nie kan sien dat die wêreld nie net oor hulle gaan nie.**

’n Mens kan eintlik verstom staan oor hoe dit so sigbaar en duidelik is dat daar mense is wat dink dat alles oor hulle gaan.

Ons almal moet dit hoor: Jy is belangrik ja, en kosbaar en spesiaal en wat nog alles.

Dit is waar.

Maar die lewe is meer as jy.

Interessant hoeveel mense wat so sterk op hulself gefokus is dat hulle niks en niemand om hulle raaksien nie se lewe gewoonlik in groot bitterheid eindig.

Ironies genoeg dat in sulke gevalle ook alles altyd iemand anders se skuld is.

Asof party mense net nie insig in hul eie selfsug het nie.

Daarom is dit een van jou mooiste eienskappe as jy kan aanleer om so ’n bietjie weg te kyk van jouself.

Om nie alles om jouself te laat draai nie.

Om nie altyd te dink dat jy die een is wat reg is of alleen reg is nie.

Dit is nodig om so ’n bietjie die aandag aan ’n ander te gee, ’n ander in ag te neem en ’n ander ook te ag soos jy geag wil word.

Daarom juis, is ons so verstom as ons gekonfronteer word met mense by wie alles net oor hulleself gaan.

Selfsug vernietig en bring bitterheid.

Daarom moet ons soms duidelik sê: Jammer, maar alles gaan nie oor jou nie.

Potpourri

# ‘Jy is nie genooi nie’

KARIN MULLER

**“Vriendin, daar is iets wat ek vir jou moet sê.”**

Dit klink baie ernstig.

My brein neem die loop. Dalk gaan hulle verhuis. Dalk het ek iets verkeerd gedoen. Dalk het sy ’n reuse persoonlike krisis.

“Jy het per ongeluk geld in my rekening inbetaal, en nou soek jy dit terug,” sê ek laggend.

Sy skud haar kop.

“Nee, luister nou. Dit is vir my baie moeilik om dit vir jou te sê.”

My hart krimp ineen.

Hul dogter trou later in die jaar. ’n Paar weke gelede het sy vir my ’n kaartjie wat die datum aankondig per WhatsApp gestuur.

Ek het vir ’n paar oomblikke na die pragtige kaartjie gekyk en daaroor gewonder.

Ons is baie goeie vriendinne en heg albei waarde aan die vriendskap, maar ek twyfel of hierdie uitnodiging ’n ware weergawe is van waar ons in hul lewe inpas.

My antwoord was dat die kaartjie pragtig is.

Sy laat sak haar kop en prewel sag: “Ek het daardie WhatsApp vir die verkeerde Karin gestuur,” bieg sy.

Ek lag.

“So ek word glad nie uitgenooi nie?” torring ek haar marteling verder uit.

Sy skud haar kop. “Ek is so jammer.”

“Ons Karins is gesaai, ons is nie geplant nie. Weet jy hoeveel verkeerde boodskappe by my uitkom?”

Die meeste mense is haastig. Besig. Ingedagte. Oorwerk.

Maar as jy iemand goed genoeg ken en weet waar jy inpas, raak só ’n voorval iets waaroor die kleinkinders nog gaan giggel.

Kameeldoring

# Keer die bobbejaan

CHARNÉ KEMP

**“Your strength will be found when you stop struggling with yourself, instead of thinking everyone is a struggle worth overcoming. Every obstacle in life is a lesson that teaches us, not others.” – Shannon L. Alder**

Die stryd is ewig.

Die stryd met die een in die spieël. Met wie jy al ’n leeftyd saamleef. Die een met wie jy saam oor besluite gewroeg het.

Die alewige binnekamer bepeinsing.

Soms is die stryd nie om die ergste te verwag of alles met agterdog te bejeën nie.

Die hindernisse, die uitdagings, die leë glas wat jy daagliks moet volmaak.

Doen dit kalm, beredeneerd, tydsaam.

Ignoreer die bobbejaan wat agter die berg uitloer en smeek om vrygelaat te word. Die een wat jy op hok moet hou, maar wat soms ontsnap.

As jy en alter ego hom toelaat, gaan hy nader hardloop, jou in ’n dolle bollemakiesie omarm en in jou oor fluister.

Met ’n asem nie te aangenaam nie, harige arms, oë te wyd of te naby aanmekaar, neus te lank.

Dit is hoe ondeurdagte oorhaastige optrede of opmerkings lyk.

Haal asem, drink tee, stel die besluit of optrede uit.

Vryf die hond se pens, loop in die veld, lees ’n boek.

Afstand van die probleem gee ’n nuwe perspektief of nuwe insigte.

Dink aan hoe vorige hindernisse oorkom is, lewenslesse wat insig kan gee.

As jy om en om die hindernis loop en van elke kant bedink, sal ’n nuwe lig uit ander hoeke skyn.

Die oplossing is in jouself.

NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**

Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com.



Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).

NoordkaapBulletin proudly displays the “FAIR” stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.